basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

VISUELE KUNSTE/V1

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Hierdie nasienriglyne bestaan uit AGT antwoorde. Kandidate moes enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord. **Merkers mag SLEGS die eerste vyf antwoorde merk.**

2. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

3. Kolpunte ('Bullets') dien as riglyne om kandidate te help om hul antwoorde te struktureer, maar die vrae kan op 'n holistiese wyse beantwoord word. Kandidate moet VOLSINNE gebruik om paragrawe te konstrueer. Antwoorde wat puntsgewys geskryf is, kan nie volpunte kry nie.

4. EEN punt moet afgetrek word as daar geen vergelyking gemaak is nie in 'n vraag wat kandidate versoek om te vergelyk.

5. Kandidate MOET hulle eie bestudeerde kunswerke in die tweede deel van elke vraag gebruik.
   - Hulle MAG NIE kunswerke wat in die vraestel verskyn as hulle voorbeelde van bestudeerde kunswerke gebruik nie.
   - Hulle MAG NIE dieselfde bestudeerde kunswerke in verskillende vrae gebruik nie.

6. Kandidate moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem. Slegs EEN punt word vir die korrekte kunstenaar en titel van die werk toegeken. **Volpunte kan nie toegeken word as die titel of kunstenaar inkorrek is nie.**

7. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

8. Kandidate kan beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

9. **Dit is BAIE BELANGRIK vir merkers om die volgende te oorweeg:**
   - Baie kandidate sal hierdie voorbeelde bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie.
   - Kandidate kan uit hul eie kennis, ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet kandidate krediet kry vir hulle eie menings en idees waar van toepassing.
   - Nasieners moet onbevooroordeeld en buigsaam in die nasienproses wees. Krediet moet aan laterale denke gegee word.
   - Dit is belangrik dat argumente beredeneer/gemotiveer/gestaaf en gekwalifiseer word deur verwysing na bronne/kunswerke.
   - Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

10. Hierdie nasienriglyne kan ook as 'n onderrigmiddel dien. Daarom is die nasienriglyne vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word.

11. Nasieners moet na die *KABV*-dokument vir Visuele Kunste, bladsy 45, verwys vir 'n riglyn om die prestasievlakke te assesseer.

Assessering van kandidate se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

PRESTASIE-KODE	ONDERWERP 3: VISUELE KULTUUR-STUDIES
Uitstekend 80–100%	• Toon uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.
Verdienstelik 70–79%	• Toon 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon uitstekende insig en begrip.
Aansienlik 60–69%	• Toon aansienlike vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon aansienlike vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.
Gemiddeld 50–59%	• Toon gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.
Bevredigend 40–49%	• Toon bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.
Elementêr 30–39%	• Toon slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.
Nie behaal nie 0–29%	• Toon 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie. • Toon beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon min of geen begrip of insig nie.

KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD.

Die volgende puntetoekenning moet nagekom word wanneer slegs EEN kunswerk/kunstenaar in plaas van twee bespreek is.
6 punte (maks. 3)
8 punte (maks. 5)
10 punte (maks. 6)
12 punte (maks. 7)
14 punte (maks. 8)
20 punte (maks. 12)

As gevolg van die kleurverskille van die vraestelle in die verskillende provinsies, moet die provinsies die nasienriglyne vir interpretasie aanpas.

VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

Musiek is 'n uitdrukking van die mensdom. Dit is iets wat ons almal aanraak. Maak nie saak van watter kultuur ons is nie, almal is lief vir musiek. – Billy Joel

FIGUUR 1a: Pablo Picasso, ***The Old Guitarist (Die Ou Kitaarspeler)***, olieverf op paneel, 1903–1904.
FIGUUR 1b: Sibusiso Duma, ***Guitarist (Kitaarspeler)*,** akriel op papier, 2002.

1.1 Kandidate MOET bespreek hoe die aanhaling hierbo in die musikante in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b uitgebeeld word. Kandidate mag die volgende riglyne gebruik:

- **Die houding van die musikante**

In FIGUUR 1a sit die bejaarde musikant op die grond. Sy bene is gekruis en hy sit gebukkend. Sy nek en arm is gespanne en hy kyk af terwyl hy kitaar speel. Hy lyk moeg.

In FIGUUR 1b staan of loop die musikant regop voor tradisionele hutte terwyl hy kitaar speel. Hy lyk vrolik en lewendig.

- **Die gebruik van kleur, lyn en ruimte**

FIGUUR 1a is hoofsaaklik in skakerings van koel blou. Die okerkleur van die kitaar staan uit teen die blou tone. Die gedempte kleur skep 'n somber stemming. Die nek van die kitaar skep 'n diagonale lyn wat herhaal word in die liggaam van die man. Horisontale en vertikale lyne skep stabiliteit in die agtergrond. Die ruimte is verplat deur die gebruik van dieselfde skakering van blou in die agtergrond en in die figuur.

FIGUUR 1b gebruik helder, lewendige kleure met warm oranjes en gele. Dit skep 'n lighartige en gelukkige stemming. Daar is 'n sterk vertikale lyn geskep deur die musikant met 'n diagonale lyn van die veld wat denkbeeldige/illusionistiese ruimte skep. Die hut in die agtergrond is kleiner as die hut in die middelgrond wat verder 'n illusie van ruimte skep. Daar is baie negatiewe ruimte rondom die musikant en hutte.

- **Komposisie**

In FIGUUR 1a is die musikant die fokuspunt aangesien hy die meeste van die komposisie beslaan. Die kunswerk is asimmetries gebalanseerd en na regs geweeg as gevolg van die posisie van die musikant. Die skildery voel beknop.

In FIGUUR 1b is die musikant die fokuspunt omdat hy in warm kleure uitgebeeld is en in die voorgrond geplaas is. Sy diagonaalvormige skaduwee trek die aandag na hom toe. Die kunswerk is asimmetries gebalanseer en is swaarder aan die regtergkant vanweë die musikant se posisie. Die kyker kan die musikant en sy omgewing sien.

- **Watter tipe musiek dink jy speel elke musikant en hoekom?**

Kandidate mag hul eie antwoorde hier regverdig.
In FIGUUR 1a lyk dit of hy sagte, stadige en hartseer musiek speel. Sy geboë houding en die gebruik van koel kleure versterk die gevoel van ontbering, hartseer of verlange. Die musiekgenre wat gespeel word, kan die Blues wees.

In FIGUUR 1b kan die musiek meer tradisioneel wees weens die omgewing en kleredrag. Hy dra 'n kralenekstuk, onderbaadjie en is omring deur hutte. Hy speel 'n tradisionele Afrika-kitaar wat in storievertelling en volksmusiek gebruik word. Die musiekgenre wat gespeel word, kan Maskanda wees. Die kleure en die posisie van sy liggaam dui daarop dat hy 'n vrolike liedjie of melodie speel. (10)

Krediet moet gegee word aan kandidate wat reageer op die aanhaling hierbo.

In elke kunswerk verstaan ons iets van die ervarings van die mense wat die musiek speel. Ons verstaan die lyding van die persoon FIGUUR 1a en die kulturele uitdrukking van die persoon FIGURE 1b.

1.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle die kunswerke van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars bespreek wat hulle bestudeer (EEN kunswerk per kunstenaar) en wat hul daaglikse ervaringe uitbeeld.

Kandidate mag die volgende riglyne gebruik:

- Beskrywing van die mense en omgewing
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Wat hul daaglikse ervaringe ons vertel (10)

[20]

VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORME

Teresa Kutala Firmino is in 'n klein dorpie in Noordwes in Suid-Afrika gebore. In 2023 het sy tyd in Angola deurgebring. In haar skildery in FIGUUR 2a sien ons die invloed van Angolese tradisionele maskers van die Chokwe-mense (FIGUUR 2b) en die invloed van Europese skilderkuns deur Édouard Manet (FIGUUR 2c).

FIGUUR 2a: Teresa Kutala Firmino, ***Paw Paw II***, gemengde media op doek, 2024.
FIGUUR 2b: Chokwe-kunstenaar, ***Mask (Masker)***, hout en metaal, datum onbekend (Afrika-kuns).
FIGUUR 2c: Édouard Manet, ***Olympia***, olie op doek, 1863-1865 (Europese kuns).

2.1 Kandidate moet die invloede van FIGURE 2b en 2c op FIGUUR 2a verduidelik.

Hulle mag die volgende riglyne gebruik:

- **Die gebruik van kleur en kwashale in FIGUUR 2a**

In FIGUUR 2a is die figuur in geel geskilder in naturalistiese kleur, terwyl die kleur van die blou figuur nie naturalisties is nie. Die kunstenaar maak gebruik van die komplimentêre kleure van geel en pers. Die warm gele van die figuur se rok staan uit teen die koel kleure van blou, pers en groen in die res van die skildery. Firmino gebruik verskillende tipes kwashale in die skildery. In die agtergrond is die kwashale glad en ingemeng. In die rok en blou figuur sien ons kwashale wat losser en meer ekspressief is. Daar is kort, herhalende kwashale gebruik vir die groen gras of patroon op die grond.

- **Ooreenkomste tussen die Chokwe-masker in FIGUUR 2b en die masker in FIGUUR 2a**

In FIGUUR 2b eggo die Chokwe-masker met die verlengde gesig die lang reghoekige vorm van die masker agter die blou figuur in FIGUUR 2a. Die opgehewe vorms op die voorkop en wange van die Chowke-masker word gesuggereer deur die donker vorms op die voorkop van hierdie figuur. Die driehoekige vorm van die neus en die oop mond wat tande wys is soortgelyk. Die boogvormige wenkbroue van die Chokwe-masker en die toe oë is sigbaar in die masker van die figuur in geel in FIGUUR 2a. Die aardse kleur van die Chokwe-masker is soortgelyk aan die masker op die vrou aan die linkerkant.

- **Die invloede van die liggaamshoudings van die figure en voorwerpe in FIGUUR 2c op FIGUUR 2a**

In FIGUUR 2c is daar 'n lêende figuur. Sy lê op 'n bed met haar liggaam effens gelig en met haar regterarm wat op kussings rus. Haar linkerarm kruis haar liggaam en bedek haar geslagsdele. Agter haar is 'n bediende wat 'n bos blomme aan haar gee. Daar is 'n swart kat aan die voet van die bed. Daar is 'n groen gordyn agter die figure.

In FIGUUR 2a herinner die lêende blou figuur wat rus op die armleuning van 'n grys bank aan Olympia in FIGUUR 2c. Daar is 'n gemaskerde figuur wat van agter af loer, wat 'n arm om die skouer van die blou figuur vou. Dit wil voorkom asof die posisie van die bediende verander het en sy nou verteenwoordig word as die persoon in geel wat sittend is en vooroor leun aan die linkerkant. Dit wil voorkom asof sy haar skoen aantrek met haar linkerbeen wat rus op die blou figuur. Die blomruiker op die grond onder haar kan suggereer dat sy die blomme laat val het toe sy haar posisie verander het. Daar is ook 'n geweefde mandjie regs in die komposisie.

- **Dink jy die Afrika- of die Europese invloed is sterker in FIGUUR 2a? Gee redes vir jou antwoord.**

Kandidate mag hulle eie antwoord regverdig solank hulle die kunswerke as bewyse gebruik.

Moontlike antwoorde:

As die kandidaat die Europese invloed as sterker kies, kan hulle verwys na die ooreenstemming in die onderwerpe in FIGURE 2a en 2c. Die blou lêende figuur van FIGUUR 2a is soortgelyk aan die lêende naakfiguur in FIGUUR 2c. FIGUUR 2a sluit in 'n ruiker blomme en die groen blok in die agtergrond wat die figure omraam.

As die kandidaat die Afrika invloed kies as sterker, kan hulle verwys na die insluiting van maskers in FIGUUR 2a. (8)

2.2 Kandidate moet die werk bespreek van **TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars** wat hulle bestudeer het, deur die invloede van Afrika of inheemse kulture, simbole en/of tegnieke in hul kunswerke te verduidelik. (EEN kunswerk per kunstenaar).

Kandidate mag die volgende riglyne gebruik:

- Invloede
- Komposisie
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Betekenis wat die kunstenaar wou uitdruk (12)

[20]

VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

Die apartheidsregering het in die 1980's onder toenemende druk en opposisie gekom en in 1985 'n noodtoestand afgekondig wat daartoe gelei het dat duisende mense gearresteer, gemartel en doodgemaak is.

FIGUUR 3 beeld geweld gedurende die 1980's in Suid-Afrika uit.

FIGUUR 3: Sue Coe, ***Welcome to Sunny South Africa (Welkom in Sonnige Suid-Afrika)***, gemengde media op papier, 1983.

3.1 Kandidate moet bespreek hoe 'Sonnige Suid-Afrika' in FIGUUR 3 uitgebeeld is. Hulle **mag** die volgende riglyne gebruik:

- **'n Verduideliking van die titel van FIGUUR 3**

In FIGUUR 3 blyk die titel uitnodigend en vriendelik te wees, wat 'n valse indruk van die situasie in Suid-Afrika gee. Ironie is gebruik omdat die kunswerk Suid-Afrikaanse lewe as enige iets behalwe sonnig wys. Dit word as donker, depressief en gevaarlik gewys. Dit was 'n afstootlike plek om in te bly of om te besoek in daai tyd.

- **Verwringing van menslike figure**

In FIGUUR 3 is die menslike figure verwring met oordrewe gelaatstrekke. Sterk hoekige lyne word gebruik om die arms en bene van die Suid-Afrikaanse polisieman te verwring. Sy gelaatstrekke is verwring en vereenvoudig in basiese vorms ('n ovaalvorm is vir die oë en die mond gebruik, 'n sirkel vir die neus en driehoeke vir die tande). Die twee spookagtige figure aan die regterkant is verwring as gevolg van moontlike marteling.

- **Simboliek van die diere**

FIGUUR 3 sluit diere in wat geweld in Suid-Afrika verteenwoordig. Die polisiehond kan 'n simbool van polisiewreedheid wees. Honde is dikwels gebruik deur die apartheidsregering om te dreig, te intimideer of om mense te byt. Hulle is ook gebruik om vrees by mense in te boesem. Alternatiewelik kan diere die onmenslike behandeling van mense onder die apartheidsregering simboliseer. Die langwerpige, puntige geometriese vorms van die hond en die donker areas simboliseer die wreedheid en hardheid van die situasie.

- **Gebruik van rooi**

Selektiewe gebruik van rooi trek aandag na die oordrewe vorms van die monde en tande van die polisieman en die polisiehond. Die teks in die kunswerk is ook in rooi: *'Welcome to South Africa' (Welkom in Suid-Afrika'), 'the hot one' ('die warm een'), 'where every second sizzles' ('waar elke sekonde sis')* en *'gasoline ('petrol')'* is in rooi geskryf. Dit is die enigste kleur gebruik in 'n monochromatiese kunswerk. In hierdie konteks, stel rooi gevaar, geweld, bloed en dood voor.

- **Getande lyne en tralies**

Die spits/getande hoekige lyne in FIGUUR 3 beklemtoon beweging en die slagoffers wat vlug van gevaar, terwyl die gebruik van vertikale lyne in die tralies en doodskis staties voorkom. Die getande of skerp lyne van die houtbalke kan geen toegang of uitgang voorstel, wat die idee van geweld en beperking van beweging versterk.

- **Hoe die kunswerk die geweld van die 1980's uitbeeld**

Die figure aan die regterkant probeer om uit 'n brandende gebou te ontsnap terwyl hul besig is om lewend te verbrand. Die Suid-Afrikaanse polisieman blyk verantwoordelik te wees vir die chaos en verwoesting. Hy hou 'n kan petrol vas. In plaas daarvan om mense te red, lyk dit asof hy die skuldige is. (8)

3.2 Kandidate **moet** 'n opstel skryf waarin hulle die kunswerke van TWEE kunstenaars wat bestudeer is (EEN kunswerk per kunstenaar) bespreek waarin hulle sosiopolitieke kwessies van hul tyd verken.

Kandidate mag die volgende oorweeg:

- Formele kunselemente
- Komposisie
- Media en tegnieke
- Die sosiopolitieke kwessies wat aangeraak is en hoe die kunstenaars hul besorgdhede deur beeldgebruik oorgedra het. (12)

[20]

VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Nomkhubulwane beteken 'sy wat die vorm van 'n dier kies'.

Nomkhubulwane is die Zoeloe-godin van reën, die natuur en vrugbaarheid. Sy word beskou as Moeder Aarde wat in staat is om in verskillende tipes diere te verander.

FIGUUR 4a: Andries Botha, ***Nomkhubulwane***, metaalstruktuur met geweefde motorbande, 2009.
FIGUUR 4b: Percy Konqobe, ***Nomkhubulwane***, brons, 2020.

4.1 Kandidate moet die transformasie van *Nomkhubulwane* in FIGUUR 4a en 4b beskryf.

Kandidate mag na die volgende riglyne verwys:

- **Die vorm wat *Nomkhubulwane* in elke kunswerk aanneem**

In FIGUUR 4a neem *Nomkhubulwane* die vorm aan van 'n groot olifant in voorkoms en skaal. Die olifant se slurp word opgelig, wat 'n S-vormige kromming met die lyf skep.

In FIGUUR 4b neem *Nomkhubulwane* die vorm van Moeder Aarde aan. Ons sien 'n naakte vroulike figuur wat 'n baba wieg met haar borste ontbloot en ‘n voël wat aan haar kop vasgeheg is.

- **Simbole wat na *Nomkhubulwane* as die Zoeloe-godin van reën, die natuur en vrugbaarheid verwys**

In FIGUUR 4a het die figuur van Nomkhubulwane verander in 'n groot en stabiele olifant. Die olifanttroppe is matriargaal en sodoende is die olifant 'n simbool van vroulike krag.

In FIGUUR 4b word die figuur van Nomkhubulwane voorgestel as 'n menslike figuur. Haar verbintenis met die aarde word uitgebeeld deur haar plasing op die grond, ná aan die aarde en haar verhouding met die natuur in die voëls wat nes maak in haar hare. Die voël simboliseer wysheid en tree op as 'n geestelike tussenganger tussen die lug en die aarde. Haar nabyheid aan die baba dui op haar moederlike rol en vrugbaarheid.

- **Gebruik van lyn en tekstuur**

In FIGUUR 4a versterk die sterk horisontale lyn van die olifant se lyf haar stabiliteit. Die diagonale lyne van haar slurp en bene stel beweging voor aangesien dit lyk asof sy loop. Die beeld lyk asof dit 'n rowwe tekstuur het weens die ongelyke oppervlak geskep deur die geweefde rubber. Dit gee die voorkoms van grof en ru om die vel van 'n olifant te repliseer/kopieer.

In FIGUUR 4b is daar ook 'n diagonale lyn geskep deur die hoek van die figuur se liggaam en bene. Dit skep die illusie dat sy na agter leun. Die brons is beide glad en grof. Daar is gladde dele op haar arms en bors, tog op haar bene kan ons die insnydings sien wat afkomstig kan wees van die kunstenaar se hande wat met die klei gewerk het.

- **Media en tegniek**

In FIGUUR 4a het die kunstenaar repe/stroke rubber gebruik wat uit motorbande gesny is. Hierdie repe is saamgeweef deur 'n tipe mandjie-weeftegniek te gebruik om die illusie van olifantsvel te skep. Die kleur van die rubber is grys soos 'n olifant se vel.

FIGUUR 4b is 'n bronsgietwerk. Die kunstenaar het 'n beeld uit klei geskep wat gebruik is om die gietvorm te skep. Gesmelte brons is die gietvorm gegooi wat verhard as dit afkoel. (8)

4.2 Kandidate moet 'n opstel skryf oor **TWEE landelike Suid-Afrikaanse kunstenaars/vlytkunstenaars** wat hulle bestudeer het (EEN kunswerk per kunstenaar) wat tradisionele of kontemporêre kuns, kunsvlyt en/of geestelike werke geskep het.

Hulle mag na die volgende riglyne verwys:

- Beskrywing van elke kunswerk
- Enige TWEE formele kunselemente
- Media en tegniek
- Moontlike betekenis/boodskap/funksie (12)

[20]

VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Baie kunstenaars is meer geïnteresseerd in die proses van skilder waar die 'skilderdoek' die rekord is van bewegings wat plaasgevind.

FIGUUR 5a: Jackson Pollock was 'n aksie-skilder van die Abstrakte Ekspressionistiese beweging van die 1950's. Hy het om die skilderdoek beweeg en die doek bedruip en bespat met verf wat daarop geval het volgens die beweging van sy liggaam.

FIGUUR 5b: Robin Rhode is deur BMW uitgenooi om die 2009 BMW Z4-Roadster (motor) te gebruik om 'n kunswerk te maak wat deur die filmmaker Jake Scott gedokumenteer is. Rhode het die motor as die skilderkwas gebruik.

FIGUUR 5a: Jackson Pollock, ***Convergence (Sameloop),*** olieverf of doek, c. 1952-1955.
FIGUUR 5b: Robin Rhode, ***An Expression of Joy ('n Uitdrukking van Vreugde)***, stilfoto uit 'n video van 'n opvoering, 2009

5.1 Kandidate moet deur die inligting hierbo te gebruik, FIGUUR 5a en 5b bestudeer om die volgende in 'n opstel te bespreek.

- **Wat verstaan jy onder die terme 'abstrak' en 'ekspressionisme'?**

Die term 'abstrak' beteken dat daar geen herkenbare ontwerp of beelde is nie. Die elemente van kuns, soos lyn en kleur, word die beeld.
'Ekspressionisme' verwys na 'n kunsstyl waar kunstenaars innerlike gevoelens of emosies oordra en dit beskou as die motivering vir die kunswerk, eerder as 'n uitbeelding van wat hulle sien. Ekspressionistiese werk is dikwels verwring of abstrak omdat die kunstenaars wegbeweeg van die uitbeelding van die eksterne werklikheid om innerlike gevoel of emosie oor te dra.

- **Hoekom was Pollock as 'n 'aksie-skilder' beskryf? Motiveer jou antwoord deur na FIGUUR 5a te verwys.**

In FIGUUR 5a is die skilderdoek op die grond geplaas. Die spatsels verf wys waar Pollock verf op die doek van bo af gedrup het soos hy rondom die skildery beweeg het. Die spatsels rooi verf waar die lyne gebreek is, wys die wye bewegings van die kunstenaar se arm waar hy verf in die lug gegooi het voor dit op die skilderdoek geland het

- **Hoe dink jy het Rhode die motor gebruik om te verf in FIGUUR 5b?**

In FIGUUR 5b moes Rhode die motor deur plasse verf bestuur of kon hy motorbande geverf het om dit as kwasse te gebruik. Die parallelle lyne van verf is geskep deur die motorbande van die motor. Die gevolg is dit toon die rigting en bewegings van die motor. Dit lyk asof die kunstenaar ook rooi verf gespat het.

- **Sal FIGUUR 5b as opvoerende kuns ('performance art') geklassifiseer word?**

Opvoerende kuns ('Performance art') prioritiseer 'n aksie of aktiwiteit eerder as die finale objek of kunswerk. Die aktiwiteit om motor te bestuur om 'n skildery te maak, is vasgevang as die kunswerk.

- **Hoe het Pollock Rhode se benadering tot kunsmaak, beïnvloed?**

Pollock se skildery kan nie regtig as opvoerende kuns beskou word nie, aangesien hy die finale skildery as kunswerk uitgestal het. Die opvoer en aksie van die kunstenaar word geprioriseer. Pollock se aandag aan aksie en beweging het Rhode se werk beïnvloed deur die beweging van die motor wat strepe kleur op die grond geskep het.

- **Hoekom dink jy is FIGUUR 5b verfilm?**

Die kunswerk is gemaak in 'n video om die opvoering te dokumenteer. Omdat die opvoering deurlopend is en met tyd verander het, sou 'n foto nie voldoende gewees het om die veranderende aard van die opvoering te dokumenteer nie.

- **Is die kunswerk die video, die opvoering óf die verf wat op die grond is? Motiveer jou antwoord.**

Kandidate mag enige media regverdig.

Moontlike antwoorde:

Die video kan as die kunswerk beskou word aangesien die maakproses opgeneem is. Die video is die enigste tasbare rekord van die kunswerk.

Die opvoering is die kunswerk omdat die idee agter die kunswerk die daad van bestuur van die motor om 'n skildery te maak is. Die belangrikheid van die skildery lê in die aktiwiteit van die maak (skep) daarvan. Die video kan nie die ervaring om in die plek van die kunstenaar te wees, vasvang nie.

Die verf op die grond is die kunswerk omdat die bewys of rekord van die opvoering is. Die merke op die grond is tasbare bewys van die opvoering wat plaasgevind het.

- **Wat is die betekenis van die titel, *Uitdrukking van Vreugde* in FIGUUR 5b?**

Die titel suggereer die vreugde van vryheid van uitdrukking wat verband hou met die onkonvensionele kunsproses, soos om 'n motor te bestuur om 'n kunswerk te skep. Dit suggereer ook die idee van 'n plesierrit of om vinnig te bestuur. (10)

5.2 Kandidate moet enige twee kunswerke bespreek (EEN kunswerk per kunstenaar) wat van nuwe of alternatiewe media gebruik maak

Kandidate mag na die volgende verwys:

- Beskrywing
- Gebruik van materiale
- Boodskap of betekenis (10)

[20]

VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Lesego Seoketsa verken haar identiteit as 'n swart vrou deur haar kuns.

Lesego Seoketsa het gesê: 'Ek het hierdie idees gehad oor my posisie in die wêreld as 'n vrou, en om swart te wees, en om 'n Afrikaan te wees.'

FIGUUR 6a: Foto, ***The Statue of Liberty (Vryheidstandbeeld***), Verenigde State van Amerika, koperbedekte beeld, c. 1886.
FIGUUR 6b**:** Lesego Seoketsa, ***Lady Liberty II (Vryheidsdame II)***, kleurfoto, 2020.

6.1 Kandidate moet verduidelik waarom Seoketsa die ***Vryheidstandbeeld*** in New York, VSA, as 'n bron van inspirasie vir haar Suid-Afrikaanse identiteit gebruik. Kandidate mag die volgende riglyne gebruik:

- **Die verandering van die kroon in FIGUUR 6a na 'n haarstyl in FIGUUR 6b**

In FIGUUR 6b kopieer Seoketsa die driehoekige vorms van die kroon van die Vryheidstandbeeld in haar haarstyl. Dit lyk asof sy haar hare in die vorm gevleg het. Gevlegte hare het 'n deel van haar uitdrukking van 'n Afrika-identiteit geword.

- **Die gebruik van gesigsverf en uitdrukking in FIGUUR 6b**

Sy het 'n stroewe/streng uitdrukking met haar mond toe en haar blik gefokus op die kyker. Die verf op haar gesig lyk soos 'n Afrika-masker. Sy het doelbewus haar voorkop en kante van haar gesig ongeverf gelaat om die vorm van die masker te skep. Die wit van haar oë staan uit teen die swart verf.

- **Die simboliek van die olielamp en mieliestronk in FIGUUR 6b**

Die lamp en mieliestronk lyk asof dit 'n interpretasie van die fakkel en boek is wat die Vryheidstandbeeld vashou. 'n Olielamp word dikwels deur gemeenskappe in landelike dele gebruik wat nie toegang tot elektrisiteit het nie. Dit word versterk deur die landelike landskap agter haar. Die gebrek aan elektrisiteit is 'n alledaagse realiteit vir baie Suid-Afrikaners. Die olielamp kan ook na beurtkrag verwys. Mielies is 'n stapelvoedsel vir baie Suid-Afrikaners, Die buitenste blare van die mielie is nie verwyder vir verpakking in die winkel nie. Dit is ook uiters droog soos die landskap agter haar. Sy hou die mieliestronk vas soos 'n moeder 'n baba sou vashou.

- **Die verskillende agtergronde in FIGUUR 6a en 6b**

In FIGUUR 6a kan jy die see sien wat die eiland waarop die beeld staan, omring met die wolkekrabbers en die deurpaaie van New York in die agtergrond. In kontras, is FIGUUR 6b droog en onontwikkel. Daar is geen beboude omgewing sigbaar nie en toegang tot water is nie sigbaar nie.

- **Die identiteit wat Seoketsa in FIGUUR 6b uitdruk**

Sy verander 'n Amerikaanse ikoon en herinterpreteer dit in 'n Afrika-konteks. Aan die een kant, verwys sy na tradisionele klere met die doek wat om haar gedraai is asook kultuur deur haar maskeragtige gesig. Haar liggaamshouding en uitdrukking is selfgeldend en sterk. Dit maak die kunswerk kontemporêr. Dit is belangrik dat sy die kunstenaar is en eienaarskap neem vir haar eie beeld.

- **Hoekom dink jy gebruik Seoketsa die Amerikaanse ikoon van die *Vryheidstandbeeld* om haar Suid-Afrikaanse identiteit in FIGUUR 6b te ondersoek?**

Seoketsa herinterpreteer die Westerse idee van vryheid in 'n Suid-Afrikaanse situasie. Dit is 'n ikoniese verwysing na vryheid wat van toepassing is op die post 1994-konteks van Suid-Afrika. Dit is belangrik in haar kunswerk want sy is vry om haar eie identiteit te laat geld. Dit versterk die reg op selfbeskikking en om vry te breek van die boeie van apartheid. (10)

6.2 Kandidate moet twee kunswerke bespreek (EEN kunswerk per kunstenaar) wat hulle voel post-demokratiese identiteit in Suid-Afrika verduidelik deur hulle keuses te motiveer. (10)
[20]

VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Gedurende apartheid het baie swart mans in die myne gaan werk en hulle gesinne in die tuislande agtergelaat. Vroue het die versorgers van die gesin geword. Dit het geslagte van afwesige vaders geskep.

FIGUUR 7a: Penny Siopis het fotokopieë van 'n vrou, man en kind uit verskillende bronne langs mekaar geplak om te suggereer dat hulle vir 'n foto saam is. Die fotokopieë is oor plastiekkaarte van Afrika geplak om 'n denkbeeldige familieportret te skep.

FIGUUR 7b: Lusanda Ndita het die manlike familielede uit die foto geknip om te wys dat hulle in sy lewe afwesig was.

Tuislande: Die Wet op Swart Tuislandburgerskap het in 1970 swart Suid-Afrikaners van hulle Suid-Afrikaanse burgerskap gestroop en hulle het burgers van die 'tuislande', gebaseer op etnisiteit, geword. Meer as drie miljoen mense is in die tuislande soos die Ciskei, Transkei en Zoeloeland hervestig.

FIGUUR 7a**:** Penny Siopis, ***Forgotten Family 1(Vergete Familie 1)***, gemengde media, 1996.
FIGUUR 7b: Lusanda Ndita, ***Indlela Ibomvu, (Die Pad is Rooi)***, foto, 2022.

7.1 Verduidelik hoe die afwesige mans in die kunswerke in FIGUUR 7a en 7b uitgebeeld word.

Jy mag die volgende riglyne gebruik:

- **Die gebruik van kleur in die kunswerke**.

FIGUUR 7a: Die gesigte van die moeder, vader en kind in die foto is swart en with met selektiewe kleure in die klere en die hoed van die vrou. Die helder pienk klere van moeder en kind, plat swart van die man se pak en das staan uit teen die ligte blou en groen van die kaarte in die agtergrond. Die helder pienk word gewoonlik geassosieer met vroulikheid en kan daarom verwys na die oorheersing deur die vroue in die familie.

FIGUUR 7b: Die plat rooi uitgeknipte dele ('cut-outs') van die twee figure in die foto word die fokuspunt. Die gebruik van rooi kan die afwesigheid van mans in hul lewens verteenwoordig. Rooi simboliseer gewoonlik bloed, liefde en gevaar. Dit dui daarop dat iets met die vermiste mans gebeur het en die leemte wat in die familie agtergelaat is.

- **Die figure in FIGUUR 7a en 7b**

FIGUUR 7a is 'n tradisionele familieportret met die moeder en vader aan weerskante van die kind. Dit is 'n familieportret wat doelbewus geneem is om die familie van daardie tyd te herdenk en te onthou.

FIGUUR 7b beeld 'n alledaagse toneel uit wat onsamenhangend voorkom. Dit is nie so geordend soos die familieportret in FIGUUR 7a nie. Dit vang 'n werklike oomblik in hul daaglikse lewe vas. Die agtergrond toon die konteks waaruit hulle kom.

- **Die gebruik van kaarte in FIGURE 7a**

Die verbleikte kaarte in die agtergrond kan verteenwoordig dat óf die familie óf die vader gereis het. Dit kan impliseer dat hierdie gesin van mekaar en die uitgebreide familie afgesonder is.

- **Uitdrukking en liggaamstaal**

FIGUUR 7a: Die gesigte van die figure is kalm en uitdrukkingloos. Die ouers kyk direk na die fotograaf terwyl die kind wegkyk. Die figure kom hartseer en emosieloos voor met 'n leë uitdrukking.

FIGUUR 7b: Die twee vroue lyk vriendelik en trots op die sentrale figuur wat ontbreek. Albei vroue het hul arms uitgestrek, en een wys na die leë, rooi vorm van die ontbrekende figuur. Die jonger vrou op die agtergrond poseer langs die ontbrekende figuur. Die figuur heel regs lyk ontspanne en neem die toneel van 'n afstand af waar.

- **Die titels van FIGUUR 7a en 7b**

FIGUUR 7a: Alhoewel die vader teenwoordig is in die familieportret, druk die gebrek aan kleur uit dat hy waarskynlik afwesig is. Die titel van die werk kan beteken dat hulle mekaar vergeet het.

FIGURE 7b: Die manlike figure in die foto is uitgesny en vervang met plat helder rooi kleur. Dit verwys duidelik na die afwesigheid van mans. Die titel van die werk en die gebruik van rooi kan verwys na die traumatiese ervaring om manlike familielede te verloor. ***Die Pad is Rooi*** kan beteken dat sy reis gevaarlik was nadat hy die veiligheid van die familie verlaat het.

- **Watter effek het 'n afwesige vader op 'n gesin?**

Kandidate se eie antwoord met regverdiging sal aanvaar word. Moontlike reaksies kan finansiële verlies, enkelouergesinne en onstabiliteit in die gesinseenheid insluit. (10)

7.2 Kandidate moet 'n opstel skryf 'n opstel oor TWEE kunswerke wat hulle voel die samelewing se tradisionele norme oor geslag uitdaag.

Kandidate mag die volgende riglyne gebruik:

- Beskrywing van ELKE kunswerk
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Die geslagskwessies wat ondersoek is (10)

[20]

VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Romaanse argitektuur (FIGUUR 8a en 8b) is 'n argitektoniese styl van die Middeleeue. Romaanse argitektuur is bekend vir die fortagtige voorkoms met klein venstertjies, dik mure en ronde boë.

Die ***Suid-Afrikaanse Reserwebank***-gebou (FIGUUR 8c) is 'n hoë-sekuriteitsgebou vir die geldvoorraad van Suid-Afrika. Die gebou is ontwerp om maklike toegang tot die gebou te beperk.

Fort: 'n militêre struktuur ontwerp om teen aanvalle te beskerm

FIGUUR 8a: Romaanse argitektuur, ***Conisbrough Castle (Conisbrough-kasteel),*** Engeland, klip, 11de eeu
FIGUUR 8b Romaanse argitektuur, ***The Vault at the Abbey Church of Sainte-Foy, Conques (Die Gewelf van die Abbeykerk van Sainte-Foy, Conques),*** Frankryk, klip, 11de–12de eeu.
FIGUUR 8c**:** Co-Arc Architects, ***South African Reserve Bank (Suid-Afrikaanse Reserwebank),*** Johannesburg, bakstene, staal en gepoleerde graniet, 1995.
BINNEAANSIG van FIGUUR 8c

8.1 Kandidate moet bespreek hoe die gebou in FIGUUR 8c 'n styl soortgelyk aan Romaanse argitektuur gebruik.

Hulle mag verwys na die volgende riglyne:

- **Die vorm van die geboue in FIGURE 8a en 8c**

Beide geboue het blokagtige hoekige vorm. In FIGUUR 8a is die gebou 'n vertikale toring met reghoekige steunpilare en geboë boë.

In FIGUUR 8c, is 'n horisontale blok met 'n skuins helling wat effens gerond is. Beide geboue is soliede en blokagtige vorms. Die gebou in FIGUUR 8a is 'n vertikale reghoekige vorm met ondersteunende pilare.

- **Die hoogte van die geboue**

In FIGUUR 8a is 'n smal vertikale toring wat lyk soos die wagtoring van 'n kasteel met 'n benaderde hoogte van drie verdiepings.

FIGUUR 8b is 'n horisontale struktuur wat wyd, massief en solied is. Dit is ongeveer twee verdiepings hoog.

- **Die rede vir die plasing van vensters en ingange in FIGUUR 8a en 8c**

In beide geboue is daar beperkte vensters en deure om toegang weens verskillende veiligheidskwessies te beperk. In FIGUUR 8a maak die hoë plasing van die vensters en die ingang dit moeilik vir aanvallers om in te kom. As gevolg van die funksie van die gebou in FIGUUR 8c, naamlik 'n hoësekuriteitsdepot vir geld, is toegang tot hierdie gebou beperk.

- **Die kleur van die baksteen en klip in FIGUUR 8a en 8c**

FIGUUR 8a -die kalksteen wat gebruik is, is natuurlik 'n gryserige wit. Daar is 'n variasie in die kleur van kalksteenblokke weens ouderdom of waar die rou materiale gevind is.

FIGUUR 8c- die bakstene het 'n rooierige terracotta-kleur. Die gebruik van terracottabakstene sluit aan by die omringende ouer industriële geboue.

- **Die funksie van die boë in FIGUUR 8b en 8c**

Boë word gewoonlik in die ontwerp van die gebou ingesluit om ruimte te skep en die gewig eweredig te versprei. Die boë in FIGUUR 8c skep 'n herhalende en dekoratiewe effek. In FIGUUR 8b is die boë verbind om 'n tonnelgewelf te vorm om die hoogte van die gebou te verhoog.

- **Hoe sterkte/stewigheid in die gebou in FIGUUR 8c getoon word**

Die afwesigheid van dekoratiewe elemente beklemtoon die geometriese, soliede, swaar blokagtige struktuur en verhoog daarmee die gevoel van 'n fort. Dit beklemtoon die idee van hoë sekuriteit en krag. (10)

8.2 Kandidate moet **TWEE Suid-Afrikaanse** geboue bespreek wat hulle bestudeer het waar die funksie van die gebou 'n rol speel in die ontwerp.

Hulle mag die volgende riglyne gebruik:

- Ontwerp of uitleg van die gebou
- Funksie van die gebou
- Materiale
- Konstruksie tegnieke
- Ligging en omgewing (10)

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou